PERSVERKLARING: GRONDEISE: TRANSVAALSE EN VRYSTAATSE BOERE-REPUBLIKENE:
SATERDAG 21 MAART 2015



1 Na aanleiding van bogenoemde aangeleentheid het Boere-Republikeine van Transvaal en Vrystaat, gesamentlik bymekaar gekom op Saterdag, 21 Maart, 2015 ten einde ‘n duidelike beginselstandpunt te formuleer rondom grondeise van enige instansie binne die twee voormalige republieke.
2. Aangeheg betrokke formulering tov van ons standpunt as nasate van daardie Boere wat op 31 Mei 1902 hulle grondgebied verloor het en wat ons nou terugeis.
3. Sodra ons ‘n afspraak met die huidige owerheid kan verkry, sal die dokument persoonlik aan die Kommissaris, Grondeise, in Pretoria oorhandig word .
Namens die Boere-Republikeine van Transvaal en die Vrystaat.

Ben Strijdom: Voorsitter.

****

GRONDEISE: TRANSVAAL EN ORANJE VRYSTAAT
The Commission on the Restitution of Land Rights
Private Bag X835

Pretoria 0001
Of
184 Jeff Masemola Street, Pretoria
Faks: (012) 328-7133
E-pos: claim@ruraldevelopment.gov.za

Geagte Kommissaris,

WET OP HERSTEL VAN GRONDREGTE WET 22/1994 (SOOS GEWYSIG)

1. Die volgende amptelike dokument word in Afrikaans aan u gerig. Afrikaans is ons instansie se moedertaal en een van die erkende tale kragtens die Grondwet (108/1996) van Suid-Afrika.
2. Ter inligting wys ons u daarop dat die aksie Boere-Republikeine in die lewe geroep is met doelstellings om onder andere die sowereiniteit van die Boerevolk en die herstel van die Boere Republieke (wat op 31 Mei 1902 met wapengeweld van ons afgeneem is, nadat daar 35 000 Boere-kinders en -vroue deur die Britse maghebbers vermoor is) te bewerkstellig.
3. Ter bereiking van ons lank gekoesterde ideaal is daar op 29 November 2014, ‘n Vryheism anifes
aangeneem, wat ons motivering en doelwitte behoorlik uiteensit. (Afskrif daarvan ter insae hierby aangeheg)
4. Dit spreek vanself dat ons Boerevolk, as die erfopvolgers en nasate van die grondgebied wat aan ons voorvaders behoort het (tevore as die Boere-Republieke bekend gestaan het), gevestigde regte het op die gemelde grondgebied (wat ons hiermee uitdruklik nie bereid is om prys te gee nie) en dat dit die basis van die Boerevolk se Vryheidstryd vorm. Ons het ‘n Volkeregtelike aanspraak en belang by daardie grond, wat regmatig, vreedsaam en wettig deur onderlinge ooreenkoms (tussen alle betrokkenes en belanghebbendes) deur die Boerevolk bekom is (verwys Sandrivierkonvensie 1852 en Bloemfonteinkonfensie 1854), maar onregmatig en met wapengeweld van ons voorsate deur Brittanje afgeneem is.
5. Sedert 1902 is ons Boerevolk se regte op herstel van ons grondgebied, nie behoorlik in ag geneem nie en selfs brutaal genegeer en van die tafel afgevee. Die Boerevolk is nie bereid om langer stilswyend die miskenning van sy voorheen internasionaal erkende soewereiniteit en die miskenning van die Boerevolk se aanspraak op die Boererepublieke, gelate te aanvaar asof afstand gedoen is van hierdie regte nie.
6. Hiermee wil ons ernstig beswaar en protes aanteken teen die bogenoemde wet en die (volgens ons onregmatige en onwettige) uitdeling en weggee van Boeregrond asof die Boerevolk steeds as oorwonne of verslane volk beskou word sonder enige regte hoegenaamd.
7. Met die aanname van die tersaaklike Wet op Grondregte en met die afsny datum van 19 Junie 1913, is die gebeure van 31 Mei 1902, blatant geïgnoreer tot die nadeel van die Boerevolk.
8. Na 31 Mei 1902 het daar regtens grondeise ten gunste van die Boerevolk ontstaan toe verslae, verslane en verarmde Boere hulle land verloor het en na hulle plase teruggekeer het – plase wat verbrand, verwoes en verlate gelê het, terwyl die meeste Boere sonder hulle vrouens en kinders (wat in konsentrasiekampe deur die Britte gevange gehou is en van siektes, honger en dors omgekom het) die plase weer moes opbou. Die Boere se huise was vernietig; landerye en veestapels was vernietig en woonhuise is deur die Britse soldate afgebrand. Hierdie mense moes hulle grond verlaat sonder ‘n ander heenkome en sonder

enigeen wat na hulle belange omgesien het. As daar ooit mense was wat in terme van u wet “entitled to restitution” was, dan is dit hierdie Boerevolk!

9. Die blote ontkenning van hierdie feite, spreek van ‘n totale miskenning van die verkeerdheid van die verlede en ‘n gebrek aan ewewigtigheid, deursigtigheid en maak ‘n bespotting van reg en geregtigheid.

10. Aanvaar asseblief dat met ‘n grondeis en die toestaan daarvan, die onreg van die verlede nie verander of verbeter word kan nie, maar eerder vererger word. Net so sal die aanname en toepassing van wetgewing, wat selektief bevoordeel en selektief benadeel, nie die bestaan van die Boerevolk op die Afrikabodem tot nie maak nie. Dit sal eerder die aandrang op Vryheid en die erkenning van ons grondeise verewig en verinnig. Ons benadruk dat die Engelse spreekwoord van “Two wrongs does not make one right,” ook van toepassing gemaak kan word op die hedendaagse gebeure waarvan u deel is.

11. Hiermee eis die Boerevolk dat wanneer u liggaam enige grondeis oorweeg wat die grondgebied van die Boererepublieke raak, hierdie skrywe se inhoud in berekening gebring sal word.

Geteken namens die aanwesige leiers van die Boere-Republikeine by hierdie protesvergadering gehou te Pretoria, op u Menseregtedag, 21 Maart 2015.

Geteken **Piet Rudolph** : Sameroeper en organiseerder